die erfenisstigting

Jaarverslag

Junie 2018

Besturende Direkteur/Managing Director: Kruger C

Direkteure/Directors

Voorsitter/Chairman: Pretorius C Aucamp C Bailey A Botha PR Cruywagen AA Grobler JEH Landman EF
Noëth JG Pienaar AJ Titus DJ Tredoux KG Van der Merwe JH Van Wyk WC

Posbus 1514 Groenkloof, Pretoria 0027

Tel: +27 (12) 325 7885 / 323 9050 Fax/Faks: 086 617 8067

admin@es.org.za www.es.org.za

Saamgestel deur: Johan Nel

Hersien deur: Annie Antonites

Kopiereg © Die Erfenisstigting

Reg 2002/022710/08 MSW/NPC

Alle regte voorbehou. Hierdie dokument word voorsien slegs vir die doeleindes soos in die inhoud vervat en mag in geheel of gedeeltelik nie vir enige ander doeleindes gebruik word sonder Die Erfenisstigting se skriftelike toestemming nie.

INHOUDSOPGAWE

1 Inleiding 1

1.1 Navrae 1

1.2 Befondsing 2

1.3 Nederduitsch Hervormde Kerk 2

2 Navorsing 2

2.1 Hoogtepunte 2

3 Die ES argief en navorsingsbiblioteek en Afrikaanse Winkel 5

3.1 Hoogtepunte 5

3.1.1 Argief 5

3.1.2 Biblioteek 5

3.1.3 Afrikaanse Winkel 5

3.2 Laagtepunte en uitdagings 7

4 Erfenishulpbronbestuur 7

4.1 Hoogtepunte 7

4.1.1 Ontwikkeling van Erfenisstigtingprogramme 7

4.1.2 Dienslewerende projekte 7

4.1.3 Erfenisbewaringsbewusmaking (EBB) 8

4.2 Laagtepunte en uitdagings 9

LYS VAN FIGURE

Figuur 1: Opsomming van ES-navrae 1

Figuur 2: Opsomming van ES-navrae m.b.t. vaste erfenis 2

Figuur 3: Verhouding van Erfenisstigtingargief, -biblioteek en Afrikaanse Winkel besoekers 6

Figuur 4: Verhouding van Erfenisstigtingargief, -biblioteek en Afrikaanse Winkel inkomste 6

Figuur 5: Dienslewerende kwotasies 8

1 INLEIDING

Die verslag is ‘n opsomming van die werksaamhede van die Erfenisstigting vir die tydperk Junie 2017 tot Junie 2018.

1.1 NAVRAE

Daar was 84 navrae gedurende die verslaggewingstydperk aangeteken. Die meeste navrae (48%) was m.b.t. vaste erfenis. Die verhouding van navrae oor vaste erfenis word in die onderstaande figure opgesom; navrae m.b.t. tot geboue was die mees algemene.



Figuur 1: Opsomming van ES-navrae



Figuur 2: Opsomming van ES-navrae m.b.t. vaste erfenis

1.2 BEFONDSING

Die Erfenisstigting was bevoorreg om in die verslaggewingstydperk fondse ter waarde van R 1 560 000.00 te bekom wat deur die onderstaande geskenk is –

- Dagbreek Trust, R 1 000 000 vir algemene bedryf;
- Die Rupert Historiese Huise-stigting, R 410 000 vir vier ES-programme; en
- Mnr. Dick van Meurs, R 150 000 vir algemene bedryf van die ES biblioteek en argief. *Mnr. Van Meurs het egter aangedui dat hy nie weer in die toekoms die bedrag sal kan skenk nie, a.g.v. belastingsaangeleenthede in die Verenigde Koninkryk*.

1.3 NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK

Die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK) het vanaf Augustus 2017 ruimtes in die Erfenissentrum omskep om ‘n nuwe tuiste vir dié Kerk se argief en sinodale kantore te skep. Die Erfenisstigting ontvang maandelikse huur vir die gebruik van die ruimtes ter waarde van R 24 999.87, wat sedert November 2017 betaal word. Hierdie bedrag is ‘n welkome bydrae by tot die algemene bedryf van die Erfenisstigting en -sentrum.

Die NHK-argief is verder ook ‘n waardevolle toevoeging tot die inligtingsdienste wat deur die Erfenisstigting aangebied word en in die Erfenissentrum gehuisves word. Daar is alreeds verskeie samewerkende navorsingsgeleenthede geïdentifiseer, o.a. die W. H. Punt en De Ridder-versamelings wat van onskatbare kultuur-historiese waarde is.

2 NAVORSING

2.1 HOOGTEPUNTE

Die ES se navorsingsafdeling het verskeie navorsingsuitsette gehad. Hoogtepunte sluit o.a. in -

- Gerard Moerdijk-gedenklesing, aangebied deur argitek en erfeniskenner, mnr. Nicholas Clarke;
- Voortrekkermonument 80 gedenkdagboek;
- Afhandeling van die Griekwas van Campbell-projek wat deur Lotto befonds was;
- Navorsing vir uitstalpanele vir die Opvoedkundige Ontdekkingsentrum;
- ‘n Verskeidenheid nie-akademiese publikasies –
    - Mulder, R. 2017. Bewaar vandag se erfenis ... vir môre. **INK – Die Afrikaanse Taalskrif**, September-uitgawe [artikel het gehandel oor EBB]
    - Nel, J. 2017. Moenie simbole van kolonialisme vernietig. **Netwerk24** en **Die Burger**, 28 September
    - Pretorius, E. 2017. Om ons erfenis te bewaar – wat vandag verlore gaan, kan nie môre gered word nie. **Konteks**, November/Desember-uitgawe
    - Pretorius, E. 2017. Geloftedagvieringe ná die Slag van Bloedrivier. **INK – Die Afrikaanse Taalskrif**, Desember-uitgawe.
    - Pretorius, E. 2017. Klipstapels op die pad van Suid-Afrika. **Konteks**, Januarie/Februarie uitgawe.
    - Pretorius, E. 2018. Die troostelose verhaal van Doornbult**. Konteks**, Maart-uitgawe.
    - Pretorius, E. 2018. Die verhaal van Grietjie. **FLINK – Die Afrikaanse Taalskrif**, April-uitgawe.
    - Sarkady, N. & Antonites, A.R. 2018. Pioniers van erfenisbewaring. **Konteks**, April-uitgawe.
    - Antonites, A.R. 2018. Archaeozoology at Mapungubwe: let the bones speak. **Ancient Origins Premium**, 20 April. (www.ancient-origins.net)

- Antonites, A. 2018. Die nagedagtenis van dié wat reg gedoen het, leef voort. **Konteks**, Mei-uitgawe.
- Judson, E. 2018. Die gipspaneeluitstalling in die senotaafsaal van die Voortrekker-monument. **Konteks**, Junie-uitgawe.

- Akademiese publikasies –
  - **Antonites, A.R**., Douglass, K. & Linseele, V. 2018. African archaeozoology today: multi-analytical approaches to human-animal interactions in the African past. Special volume in African Archaeozoology. Quaternary International 471B: 1-5.
  - Douglass, K. **Antonites, A.R.**, Quintana Morales, E.M., Grealy, A., Bunce, M., Bruwer, C. & Gough, C. 2018. Multi-analytical approach to zooarchaeological assemblages elucidates Late Holocene coastal lifeways in southwest Madagascar. Quaternary International 471B: 111-131.
  - Bradfield, J. & **Antonites, A.R.** 2018. Bone hoes from the Middle Iron Age, Limpopo Province, South Africa. Quaternary International 472A: 126-134.

Dr. Annie Antonites was verder ook deur verskillende Amerikaanse universiteite versoek om argeodierkundige analises op argeologiese opgrawings te doen. Hierdie diens verbreed nie net die ES se navorsingstatuur nie, maar bied ook ‘n gulde geleentheid om die ES internasionaal te bemark en netwerke te bou. Die analises sluit in –

- Dr. Carla Klehm, Universiteit van Colorado (VSA), 13de-eeuse nedersetting, Serowe, Botswana;
- Dr. Gerard Chouin, College of William and Mary (VSA), 10de tot 14de-eeuse nedersetting, Ile-Ife, Nigerië;
- Dr. Jeff Fleischer, Rice Universiteit (VSA), 10de tot 14de eeuse nedersetting, Basanga, Zambië.

Die Trustees van die Erfenisstigting se Navorsingstrust het ‘n besluit geneem dat die Erfenisstigting self ook vir fondse moet aansoek doen. ‘n Bedrag van R 25 000.00 is beskikbaar gestel vir ‘n akademiese navorsingsprojek wat deur die Erfenisstigting se navorsers geloods sal word.

3 DIE ES ARGIEF EN NAVORSINGSBIBLIOTEEK EN AFRIKAANSE WINKEL

3.1 HOOGTEPUNTE

3.1.1 ARGIEF

- Internasionale en plaaslike navorsers / besoekers aan die argief: 27; en
- Skenkings: 55; en
- Inkomste: R 174 959.

Sedert die afsluiting van die finansiële jaar het die ATKV ook ‘n deel van hulle argief in die Erfenisstigtingargief laat opneem. ‘n Bykomende maandlikse argiefinkomste ter waarde van R 6 921.74 word vanaf 1 April 2018 gehef.

3.1.2 BIBLIOTEEK

- Navorsers / besoekers aan die biblioteek: 360;
- Skenkings: 40 (2032 individuele items);
- Ontsluiting: 575; en
- Inkomste: R 23 211.00 vir die 2017/2018 finansiële jaar.

3.1.3 AFRIKAANSE WINKEL

- Internasionale en plaaslike besoekers: 8 049;
- Verkope: R 322 328 vir die 2017/2018 finansiële jaar; en
- Boekbekendstellings: 2.



Figuur 3: Verhouding van Erfenisstigtingargief, -biblioteek en Afrikaanse Winkel besoekers



Figuur 4: Verhouding van Erfenisstigtingargief, -biblioteek en Afrikaanse Winkel inkomste

3.2 LAAGTEPUNTE EN UITDAGINGS

Die grootste laagtepunt is sekerlik dat mnr. Van Meurs nie meer sy jaarlikse skenking kan behartig nie. Sedert 2010 het hy as 'n individu egter in die omgewing van R 1 000 000.00 aan die ES geskenk, wat tot die ontwikkeling en instandhouding van die ES se navorsings- en inligtingsdiens bygedra het.

Die grootste uitdaging vir die ES se navorsingsafdeling is tyd en befondsing. Ons moet ongelukkig baie geleenthede van die hand wys omdat ons te min navorsers het en nie genoeg befondsing het om addisionele navorsers aan te stel nie – hetsy op kontrak- of vastebasis.

4 ERFENISHULPBRONBESTUUR

4.1 HOOGTEPUNTE

4.1.1 ONTWIKKELING VAN ERFENISSTIGTINGPROGRAMME

Gedurende die verslaggewingstydperk het die Erfenisstigting vyf programme ontwikkel en omskryf waarbinne werksaamhede verrig word. Daar word ook met hierdie programme gepoog om befondsingsaansoeke te vergemaklik. Die vyf programme is –

- Program vir die bedryf van die Erfenisstigting;
- Program vir vaste erfenishulpbronne;
- Program vir roerende en nie-tasbare erfenis;
- Program vir erfenisbewusmaking; en
- Program vir erfenisnavorsing.

4.1.2 DIENSLEWERENDE PROJEKTE

Dienslewerende kwotasies ter waarde van R 676 282.70 is vanaf Junie 2017 tot Junie 2018 ingedien.



Figuur 5: Dienslewerende kwotasies

Dienslewerende projekte wat vanaf die vorige verslaggewingstydperk oorgedra is beloop R 236 986.03.

4.1.3 ERFENISBEWARINGSBEWUSMAKING (EBB)

Die EBB-projek het uitstekend presteer. Komitees wat in die verslaggewingstydperk gestig is sluit in –

- Bloemfontein, Vrystaat;
- Groot Marico / Zeerust, Noordwes;
- Koster / Derby, Noordwes;
- Louis Trichadt / Makhado, Limpopo;
- Phalaborwa, Limpopo;
- Rhenosterspruit, Gauteng; en
- Swartruggens, Noordwes.

Daar word tans onderhandel om EBB-komitees in die volgende dorpe te stig –

- Alexandria, Ooskaap
- Boshoff, Vrystaat;
- Ladysmith, KwaZulu-Natal; en
- Steynsburg, Vrystaat.

ERFENISBEWARINGS-BEWUSMAKINGSPROJEK (EBB)- 2018

Bevestigde EBB-komitees:

- Louis Trichardt
- Bloemfontein
- Rhenosterspruit
- Potchefstroom
- Phalaborwa
- Koster/ Derby
- Groot Marico/ Zeerust
- Swartruggens

Besig met onderhandelings:

- Steynsburg
- Boshoff
- Ladysmith
- Alexandria

4.2 LAAGTEPUNTE EN UITDAGINGS

'n Groot laagtepunt is die beperkte ondersteuning wat die Erfenisstigting aan die publiek kan bied t.o.v. navrae. Dit word vererger deur 'n tekort aan befondsing en 'n algemene afsydigheid teenoor erfenishulpbestuur vanuit beide staatsgeledere en die publiek. Die stigting van EBB-komitees mag in die toekoms hierdie taak vergemaklik.

Die instandhouding van Erfenisstigtingterreine bly steeds 'n uitdaging, a.g.v. beskikbare fondse en menslike hulpbronne. Die aanstelling van Francois Langerman as Logistieke Bestuurder vir die Erfenisstigting behoort egter dit te bemiddel.